# Windhoek Afrikaanse Privaatskool

# Memo

**Dinamies. Gefokus. Suksesvol.**

### INDIVIDUELE- EN GROEPLESSE IN MUSIEK VIR 2025

Musieklesse word vanaf middel Januarie tot November aangebied. Lesse sal gedurende klastyd plaasvind, wat beteken dat u kind elke week 'n lesperiode sal mis. Ons poog om leerders slegs in periodes waar nie-inhoudsvakke aangebied word, vir musiek te neem. U kind sal egter steeds self verantwoordelik wees om die les wat behandel is, in te werk en op datum te bly met sy/haar skool- en huiswerk. Gedurende eksamentye sal klasse vir die eksamenperiode gestaak word.

**Die volgende voorwaardes geld:**

- Leerlinge moet oor 'n goeie akademiese rekord beskik en akademies na wense vorder.
- **Keuring sal plaasvind vir Blokfluit (vanaf graad 2), Klavier (vanaf graad 3) en Kitaar (vanaf graad 4).**
- Leerlinge moet oor 'n eie instrument beskik om by die huis te kan oefen.
- **LEERLINGE MOET ELKE DAG OEFEN OM VORDERING TE VERSEKER.**
- Aansoekvorms en alle ander korrespondensie kan gerig word aan aletta@wap.edu.na.

**Fooie en strukuur van die lesse:**

| Opsie | Instrument | Lesstruktuur |
|---|---|---|
| A | Blokfluit/ Kitaar/ Klavier/ Perkussie | Groeples per periode @ N$2150 per semester( Jan – Junie en Julie - Des) |
| B | Blokfluit/ Kitaar/ Klavier | Individuele les per periode @ N$2470 per semester( Jan – Junie en Julie - Des) |

**Ingesluit by lesse:** Toegepaste teorie, dws soos dit noodsaaklik is. Teoretiese terminologie word verduidelik en toegepas.

**Heffing van fooie:**

- Die fooie is met die aanvang van elke termyn betaalbaar.
- Die fooie sal teen u kind se skoolfondsrekening gehef word.

**Staking van lesse:**

- Om lesse te staak moet 'n **termyn** skriftelik kennis gegee word.

Indien u belangstel, voltooi asseblief onderstaande inskrywingsvorm en stuur so gou moontlik na die skool terug. U aansoek sal vroeg in 2025 hanteer word, waarna u skriftelik in kennis gestel sal word van aanvaarding al dan nie**. Leerlinge wat gekeur word en dan oor 'n tydperk NIE na wense vorder nie, nie belangstelling toon nie of nie toegewyd tuis oefen nie, se lesse sal vir die volgende jaar/termyn in heroorweging geneem word.**

Musiekdepartement

WINDHOEK
AFRIKAANSE PRIVAATSKOOL

**AANSOEKVORM**

**INDIVIDUELE– EN/OF GROEPLES IN BLOKFLUIT/KITAAR/KLAVIER VIR 2025**

**LEERLING:**

VOLLE NAAM: ______________________________________________

VAN: _____________________________________________

GRAAD: _____________

OMKRING DIE OPSIE/S WAARIN LEERLING LES/SE VERLANG:

| Opsie | Instrument/Les |
|---|---|
| A | Blokfluit – Groeples (gr 2-7) |
| B | Kitaar – Groeples (gr 4 – 7) |
| C | Klavier – Groeples (gr 3 – 7) |
| D | Perkussie – Groeples (gr 3 – 7) |
| E | Kitaar – Individuele les (gr 4 – 7) |
| F | Blokfluit – Individuele les (gr 2 - 7) |
| G | Klavier – Individuele les (gr 3 – 7) |

**OUER/VOOG:**

NAAM EN VAN: ___________________________________________

SELNOMMER: ___________________________________________

E-POSADRES: ___________________________________________

SKOOLFONDSREKENINGNOMMER: ________________

____________________________ ___________________________

Handtekening: Ouer/Voog Datum